**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 6 AUGUSTUS 2023**

# TIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

## *VROUE*

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Romeine 10:5-15; Genesis 37:1-4, 12-28;**
**Psalm 105:1-6, 16-22, 45b; Matteus 14:22-33**

| SONDAG, 6 AUGUSTUS |
|---|
| 09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Makhathini<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman<br>09:00 Kleuter- en Kinderkerk<br><br>• **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens |
| **MAANDAG, 7 AUGUSTUS** |
| 18:00 Kooroefening<br>19:00 Sportmanne Bybelstudie<br>19:00 Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 8 AUGUSTUS** |
| 09:30 Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 9 AUGUSTUS** |
| NASIONALE VROUEDAG |
| **DONDERDAG, 10 AUGUSTUS** |
| 19:00 Uitvoerende Kommissie vergadering in Moederskamer<br><br>Sopbeurte: Wena Janse van Rensburg, Elmari Schwenke-Van der Walt, Sybil Smit, Dotjie Steyn, Maranda van der Merwe, Etetia Conradie |
| **VRYDAG, 11 AUGUSTUS** |
| 09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer |

| SATERDAG, 12 AUGUSTUS | |
|---|---|
| 09:30 | Kuilsrivier Dienssentrum: Vroue "High Tea" in Moedergemeente saal |

| SONDAG, 13 AUGUSTUS | |
|---|---|
| | Elfde Sondag in Koninkrykstyd<br>VROUESONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Doop<br>Vrouedankofferinsameling<br>Deuroffer ten bate van: MES Kaapstad<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw |
| 09:00 | Kleuter- en Kinderkerk |
| | • **Senior kategese** na afloop van die oggenddiens<br>• **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens |

# GEMEENTENUUS



1. Lettie Saayman (Klaradyn) is tans in die hospitaal.
2. André Joubert (Othello) is die afgelope week oorlede. Ons vra voorbidding vir Mattie Joubert en familie. Troosdiens is Maandag 7 Augustus om 11:00.
3. André van Wyk (Jan Kriel Instituut) se pa is oorlede.
4. Danny Williams (Sangirostraat) is in die hospitaal.
5. Lodewiek Barnardo (Durbanville) het sy Meestersgraad in Tandheelkunde verwerf.
6. Mary Abrahams (Bosmanstraat) is tans in die hospitaal.
7. Martie van Zyl (Othello) het 'n terugslag met haar gesondheid gehad en sterk in Othello se siekeboeg aan.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Hannes is die naweek af.
2. **Bybels:** Ons het Afrikaanse, Engelse en Xhosa Bybels vir verspeiding na huiswerkers, tuinwerkers, petroljoggies, karwagte, ens. Kontak gerus die kerkkantoor.
3. Die La Poorta Kinderhuis fondsinsameling: Gospel sanger Jonathan Rubain tree 19 Augustus 2023 om 18:00 op in Goodwood. Sien advertensiebord vir verdere inligting.

# SENIOR BURGER TEE

Die datum van die Senior Burger Tee word op die jaarprogram aangedui as Dinsdag 19 September. Dit gaan egter vanjaar skuif na 'n Saterdag, naamlik 16 September. Hou hierdie spasie dop vir meer inligting binnekort.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK




06/08 Annalien Volschenk, Mark Lewis
07/08 Maatjé van der Westhuizen(92), Francois Maritz(80), Eloma Lloyd, Vanessa Neuhoff, Hyla Harmse(81), Alé Johannes
08/08 Janré Nieuwoudt, Juanita Horn
09/08 Elsa Lombard, Frantz du Raan, Gerrit van Wyk, Petrus Theron, Gerida Grobler
10/08 Louis Cloete(85), Milana Myburgh
11/08 Tinus Ferreira, Katja Rossouw, Trudie de Wit, Nandi Swanepoel
12/08 Sybil Smit(81), Ben Swart, Cassie Greeff, Elandré Smuts, Janneke Osborn, Johan Joubert(85)

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Makhathini**

Makhathini, net suid van die Mosambiek-grens, is besonder warm en onherbergsaam. Arm, dikwels ongeletterde mense vorm hier 'n besondere gemeente. Die werk dateer van voor 1923. Die gemeente het sowat 700 lidmate wat by 23 preekpunte bedien word. Deur middel van u bydraes word die gemeente van Makhathini bemagtig om 'n werkende infrastruktuur in stand te kan hou sodat die werk van die Here so effektief moontlik kan voortgaan. Goedopgeleide leraars en geestelike werkers kan bekostig word om die gemeente te bedien. Evangelisasie-veldtogte word twee maal per jaar aangebied, kinder- en jeugbediening kry gefokusde aandag, gemeenskapsprojekte (vier gemeenskapstuine, vier kleuterskole, 'n voedingsprojek, 'n landbouprojek naby KwaNgwanase en volwasse geletterdheidsklasse) word in stand gehou.

Getuienisaksie | 021 957 7184 | missio@kaapkerk.co.za

Webwerf: http://getuienis.christians.co.za/

# VROUELIDMATE

Die Vrouebediening Taakspan nooi alle Vrouelidmate uit na ons 4 jaarlikse sinodale byeenkoms:

| | |
|---|---|
| **Datum:** | 1 September 2023 |
| **Tyd:** | 09:00 tot 13:00 |
| **Plek:** | Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit, Wellington |
| **Koste:** | R100/persoon |

Skryf in voor of op 24 Augustus 2023: https://forms.gle/9fSSp6J8Mca1dhTMA

# VROUESONDAG

VROUESONDAG – 13 AUGUSTUS 2023

Ons het nie vanjaar soos in die verlede ‘n vroue predikant genooi om by ons te kom preek nie, aangesien ds Hannes op daardie dag ‘n baie spesiale vrou, sy kleindogter Adri, doop.

Ons het egter steeds ons Vroue Dankoffer insameling op daardie dag. Dit is ‘n geleentheid vir ons vrouelidmate om hul dankbaarheid te betoon en ook sodoende vir ander tot seën te wees. Ons tema vir dié jaar is juis GESEëND, OM VIR ANDER TOT SEëN TE WEES.

Ons gaan nie soos in die verlede koeverte via die dienswerkers na elke besoekpunt versprei nie. Ons het verlede Sondag koeverte by die deure uitgedeel. Indien jy nog nie ‘n koevert ontvang het nie, kan jy vanoggend een afhaal in die 2 hoofportale. Jy kan ook enige ander koevert gebruik en dit bloot merk VROUE DANKOFFER.

Jy kan natuurlik ook per EFT oorbetaal – gebruik verwysing VROUEDANKOFFER. Die bankbesonderhede verskyn op die almanak of kontak die kerkkantoor.

# JAN KRIEL TEKKIE CHALLENGE

Jaarlikse Tekkie Challenge by Jan Krielskool. Hierdie fondsinsamelings-inisiatief ondersteun sowat 600 leerders met leer-beperkings en vind al vir meer as 20 jaar plaas!

Saterdag 2 September 2023
10km of 21km WPA wedrenne
5km Pretloop
Wonderlike pryse vir top deelnemers en gelukkige trekkings sowel as ’n groot prys vir die beste ‘Dress up your Tekkies’ inskrywing.

Inskrywings en inligting by www.tekkiechallenge.co.za of epos events@jankriel.co.za.

# KLERE EN VERE

**Klere en Vere** pak tans klere, linne, skoene, komberse en enigiets wat jy graag saam met die Uitreikspan na Namakwaland wil stuur.
Sit jou bydrae sommer in die mandjies by die deure.

Dankie vir jul ondersteuning sover!

Groetnis
2 Vere

# DIE KOSMANDJIE

Liewe Lidmaat

Jou ondersteuning maak 'n verskil! Deur iets in die mandjies by die deure te sit of 'n kontantoordrag te maak, help jy iemand wat dit werklik nodig het.

Items tans nodig:
spaghetti melk / poeiermelk
*Bully Beef* suiker
tuna
blikkies: mielies / ertjies / groenbone



(Die lysie sal na behoefte aangepas word.)

***Baie dankie dat jy omgee!***
Groetnis

# TYGERBERG STAD KOOR BESOEK DE EIKE

Die TYGERBERG STAD KOOR tree op **Sondag 20 Augustus 2023** hier in ons kerk op.

Hulle lewer uittreksels uit MESSIAH van George Frederick Handel en Gallia van Charles Gounod.

Dit is ‘n een uur produksie en begin om **16:00**.

Kaartjies kos **R60** en is by die kerkkantoor beskikbaar, sowel as by die deure op 20 Augustus. Geen bespreking is nodig nie.
50% van die opbrengs van die kaartjieverkope sal vir ons gemeente wees.
Kom ondersteun gerus hierdie geleentheid.

# PREEKSKETS

**TEMA – AS GOD JOU GRYP!**



Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Genesis 32:1 - 32

**1. Inleiding.** Vanoggend kom ons REEKS tot ‘n einde, ons reeks oor Jakob die hakskeen-gryper.

**2. Jakob is betrokke in ‘n vreemde geveg.** Dit is in die nag, terwyl hy wag, dat een van die vreemdste episodes in die Ou Testament afspeel. Jakob stoei met ’n vreemdeling wat op ’n manier God self is. Jakob kry ’n nuwe naam en daarmee saam ’n nuwe identiteit: Israel - “*om te worstel met God.*” So word die aartsskelm, die aartsvader.

**3. Wat leer ons? Watter betekenis het hierdie teks in my lewe?**

- *Waar daar 'n ontmoeting met God is, word nuwe moontlikhede geskep.*
- Jakob se *ontmoeting met God loop oor tot 'n nuwe ontmoeting met sy broer.*

Dink terug oor jou lewe, aan tye waar jy die ervaring gehad het dat jy stoei: stoei om om sin te maak, stoei in jou verhoudings. Stoei om emosionele pyn te verwerk. Stoei om net te oorleef in hierdie harde vinnige wêreld. Raak bewus van hoe dit ook tye was van groei. Tye wat jy ontdek het waaroor die lewe eintlik gaan en tye toe jy jou prioriteite aangepas het.

**4. Slot.** Vir mense wat dit moeilik het en met die lewe stoei en sukkel om vir God in alles raak te sien, kom dit hierop neer: “Kry ’n bulhond greep op jou geloof en byt vas.” Dit maak nie saak wie jy is en waar jy jouself tans in die lewe bevind, of hoe steil die opdraende vir jou is nie. Hou vas, staan stewig en moet nooit opgee nie.